NG KERK IN SA: ARGIEF
http://kerkargief.co.za

Navorsingstariewe
1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018

Navoringstariewe

1. Bona fide NG Kerk navorsers – Gratis

Bona fide NG Kerk navorsers betaal geen dagtariewe of navorsingsfooie nie. Bona fide navorsers is:

1.1 Ingeskrewe teologie studente van enige van die NG Kerk-familie se teologiese opleidingsentra wat besig is met 'n kursusopdrag (met ander woorde nie vir byvoorbeeld privaat genealogiese navorsing nie).

1.2 Doserende personeel van enige van die NG Kerk-familie se teologiese opleidingsentra wat met vakverwante navorsing besig is (met ander woorde nie vir byvoorbeeld privaat genealogiese navorsing nie).

1.3 Amptelike navorsers van Sinodes, Ringe, Kerkrade, Kommissies en Instansies (en al die wisselvorme daarvan soos taakspanne en diensgroepe) wat 'n argiefdiens by die NG Kerk in SA aankoop (tans die Algemene Sinode; die Sinode van Wes-Kaapland; die Sinode van Oos-Kaapland; die Sinode van Noord-Kaapland; die Sinode van Goudland (Wes- Transvaal); die Noordelike Sinode en die Sinode Hoëveld (Suid-Transvaal); die Verenigende Gereformeerde Kerk; die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika en die Reformed Church Africa). "Amptelik" beteken die betrokke sinode of ring of kerkraad het 'n opdrag aan die betrokke navorser gegee om bepaalde inligting te bekom of na te vors.

1.4 Studente en dosente van ander universiteite of instellings met wie die Argief 'n samewerkingsooreenkoms gesluit het.

1.5 Navorsers wat nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, maar wie navorsing doen wat die NG Kerk of die Argief (volgens die diskresie van die Argief se personeel) sinvol kan benut of gebruik kan, met die diskresie van die PSD: Argief, as 'n bona fide navorser verklaar word.

2. Ander navorsers

2.1 Die daaglikse tarief vir navorsing in die navorsingslokaal in die Argief is**:** **R15,00 per uur** of 'n gedeelte van 'n uur tot 'n maksimum van **R90,00 per dag**.

3. Mediakoste vir alle navorsers

Afdrukke (fotostate, skanderings of foto's) mag slegs deur die Argief se personeel gedoen word. Die Argief se personeel sal aandui of die betrokke argivalia op 'n bepaalde manier gekopieer mag word. Sekere boeke kan byvoorbeeld nie sonder skade gefotostateer word nie.

3.1 Fotostate (A4): **50 sent** per bladsy

3.2 Skandering na pdf / tiff / jpg (A4): **50 sent** per bladsy.

3.3 Digitale foto's (jpg-beeld): **R2,00** per foto.

Slegs die digitale beeld (jpg) word aan die navorser voorsien. Foto's kan wel uitgedruk word op gewone 80 gram wit A4 Bond papier (R2,00 vir 'n swart en wit foto). Kleurfoto's, sepia foto's of foto's op fotopapier kan deur die navorser by 'n fotografie winkel laat druk word.